

Lekkerbekkie Nuusbrief

13 MEI 2014 | UITGAWE 57



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Padda se verjaardag
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Padda se verjaardag deur Anna Emm

Padda verjaar vandag. Hy is baie opgewonde! Hy kan nie wag vir al die diere-maatjies om vir hom presentjies en koek te bring nie. Dis mos darem lekker om te verjaar!

Maar Padda wag die hele oggend by die riete, en niemand kom nie. Niemand sê geluk nie. Niemand bring presentjies nie.

"Miskien moet ek 'n partytjie-hoedjie opsit?" dink Padda. "En 'n partytjie-fluitjie blaas? Dan sal al die diere onthou dat ek verjaar."

Padda sit sy partytjie-hoedjie op sy kop en hy hy blaas die fluitjie. Maar niemand sien hom eens raak nie! Niemand kom sê geluk nie. Teen middagete is Padda al baie moedeloos en hartseer.

Net toe sien hy twee eendjies wat aangewaggel kom. En raai bietjie? Hulle dra presentjies op hulle rûe! Uiteindelik het iemand onthou! Maar die eendjies stop nie. Hulle waggel verby...

"Ons kan nie nou gesels nie, Padda, " sê hulle. "Ons is oppad na 'n baie belangrike partytjie toe."

Arme Padda! Niemand het onthou dat hy verjaar nie! Maar net toe die eerste groot padda-traan oor sy wang wil rol, sien hy drie eekhorinkies nader hop. En raai? Die eekhorinkies dra 'n koek! 'n Yslike groot sjokoladekoek! Maar die eekhorinkies stop nie by Padda nie. Hulle hop verby...

"Jammer, Padda, maar ons is bietjie haastig," roep hulle. "Ons is oppad na 'n groot partytjie toe."

Padda is nou weer alleen by die riete. Al die ander diertjies is na die groot partytjie toe, en niemand het onthou dat hý, Padda, vandag verjaar nie! Hy voel sommer lus om te huil.

"O, hier is jy, Padda!" roep die mossies. "Ons soek jou oral! Kom saam en kom kyk wat het ons vir jou!"

Verbaas knip Padda sy ogies, en dan hop hy agter die mossies aan. Hulle vat hom na die oop stuk gras agter die watervalletjie by die stroompie. En daar wag al sy maatjies vir hom! Die eendjies met die presente, die eekhorinkies met die koek, en al die diertjies van die bos! En toe hulle vir Padda sien, roep hulle uit: "Baie geluk met jou verjaardag, Padda!"

Padda kan sy oë nie glo nie. Die groot partytjie was sowaar vir hóm? En al die maatjies en die presentjies en die koek is ook vir hom? Niemand het van hom vergeet nie. En dit is die beste dag van sy hele lewe! Hy kan nie wag om die sjokoladekoek te proe nie!

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Padda se verjaardag

illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za